

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 44**

**2 November 2025**

## Christus is baie sterker as sonde

Sonde beskryf in een oogwink alles wat op aarde verkeerd geloop het. Sonde is rebellie teen God. Sonde word sigbaar in al die goor dinge wat mense aanvang, soos wat Paulus onder meer in Rom 1 beskryf. Owerspel, moord, bedrog, haat, afgodery – noem maar op; mense vang sulke dinge aan wanneer hulle weier om voor God te buig.

**Sonde hou ons gevange**

Sonde is meer as net uiterlike dade van ongehoorsaamheid aan God. Sonde is ten diepste 'n bose mag wat die ganse mensdom gevange hou… en ook vir jou. Op jou eie kan jy nooit hierdie bose bande breek of afskud nie. Sonde hou jou voltyds gevange. Jóú voorland, saam met die res van die mensdom, is die dood. Nie eens jou beste goeie dade kan jou help om bo-oor die tronkmure van sonde na God se veilige hawe toe te klim nie. Sonde verander jou in 'n permanente slaaf wat van die een sondedaad na die ander voortstrompel. Dit vernietig jou lewe vir ewig.

**Sonde se mag is deur Christus verbreek**

Net God kan die mag van sonde breek wat almal op aarde verslaaf, jouself inluis. Hoe? Die Nuwe Testament leer ons dat Jesus deur een enkele offer aan die Kruis alle magte wat teen Hom staan vernietig het. Daar aan die Kruis het Hy die dood se angel uitgetrek (1 Kor 15). Daar het Hy oor die bose magte getriomfeer (Kol 2). Daar het Hy sonde se mag verbreek (Rom 6).

**God se Offerlam**

Sonde is God se vyand. Maar God voorsien die Offerlam wat in ons plek die straf vir ons sonde gedra het. Hy het in ons plek gesterf sodat almal wat in Hom glo, gered sal word. Ons is nou nie meer slawe van sonde nie. Hy het ons nie slegs in ons sondes verlos nie, maar Hy het ons ook ván sonde verlos. Omdat God se Gees nou by ons is, en ook in ons, doen ons graag wat Hy sệ. Ons is voltydse tempels van die Heilige Gees. Ons is besig om al hoe meer te verander na God se heerlikheid. Glo hierdie goeie nuus en laat Christus oor jou lewe heers, nie sonde nie! – Prof Stefan Joubert

## Dankie!

- Ons is vrygemaak van sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat ons geheilig word en die uiteinde is die ewige lewe. (Rom 6:20,22)
- Dat God ons Sy kinders noem en ons Hom deur die Gees van aanneming Hom ons Vader kan noem!
- Vir God se liefde! Daar is géén groter liefde as dit nie! God is liefde!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.
- Vir die matrieks wat met hul eksamens begin het.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Laura Viegas |
| • Annie Brink | Thys van Tonder |
| • Johnny Viviers | Juanita Rossouw |
| • Leonie Kruger | Oom Monty Pienaar |
| • Jillian Jansen | Spokie Vorster |
| • Pierre Pienaar | Oom Piet Pretorius |
| • Eugene Craus | Rina Roos |
| • Marcel Holtzhausen | Tannie Nelie van Tonder |
| • Magda Olsen | Janine Vorster |

**Ons innige medelye met die familie en vriende met die afsterwe van Lena Day!**

**Gedagte vir die week**

**Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens…**
**2 Kor 5:17**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org